OPGEROEP OM MEER TE WEES

Dr. Jean Strydom

NG. Nelspruit-Suid

2024 - Lydenstyd

INHOUDSOPGAWE

1. ‘n Oproep na ‘n lewe van oorvloed
2. Konfronteer die donkerte ten einde die lig te bereik
3. Jy is nie jou sonde nie
4. Daar is meer
5. Die gode wat ons maak
6. Passievol
7. Alles is volbring

INLEIDING

Somtyds dink ons dat ons weet wat God van ons verwag. Tog, kort voor lank bevind ons, onsself by ‘n kruispad en dan is alles nie meer so helder soos wat ons gedink het nie. Die uitdaging bly egter steeds om binne God se wil te leef. Om binne God se wil te leef, is die beste. So glo ons, dus streef elkeen daarna. Aan die ander kant leef ons in uitdagende tye wat dit nie maklik maak om binne God se wil te beweeg nie. Dis maklik om binne die “eie ek” te verval en slegs op jouself gefokus te wees. Dis vinnig en maklik om vasgevang te raak in die wêreld se verskillende stemme en kort voor lank is ons vasgevang in die wêreld se spinnerak van “anything goes” – denke.

Gedurende hierdie jaar se lydenstyd wil ek dat ons stilstaan en vir ‘n paar weke reflekteer wat die impak van Jesus se menswees en bediening op jou lewe het. Wat was Sy motivering vir menswees, wat dit van Hom gevra het en wat die uiteinde daarvan was? Inderdaad is dit goed om daaroor na te dink, maar die implikasie vir jou persoonlike lewe moet weer in heroënskou geneem word. Jy moet jou as’t ware weer instel in hierdie paar weke op God se golflengte sodat jy die seën kan beleef van iemand wat binne Sy wil wandel.

Maak hierdie volgende paar weke tyd om jouself af te sonder voor God en om Sy inspraak in jou lewe te erken en toe te laat. Maak seker dat dit deursuur na die praktyk van jou lewe. Dis Jakobus wat gesê het dat jou geloof gekenmerk moet word deur jou dade. Wat help dit ek en jy glo, maar ons dade wys dit nie. Jesus het na die wêreld gekom sodat ek en jy binne Hom vry kan wees en voluit kan leef.

‘N OPROEP NA ‘N LEWE VAN OORVLOED

Jesus se menswording, is niks anders as God se ingrepe in die wêreld. Ingrepe ook in jou en my lewe. Hierdie ingrepe van God deur middel van Jesus se koms, is lank reeds voorspel. Profete het dit aangekondig in die moeilikste tyd van die volk Israel se bestaan, tydens hulle ballingskap. Ja, daar waar hulle, hulself in die vreemde, as slawe bevind het. God se uitkoms is op pad! God se ingrepe word beplan. Die rede hiervoor was ‘n dieper en intenser verhouding met God. Hy wou weer wees wat Hy aan die begin was, hulle Vader en hulle Sy kinders. As ouer wil jy tog altyd die beste vir jou kinders gee. God het presies dit ingedagte gehad, al was die prys baie hoog. Sy enigste Seun se lewe, meer as dit, God Homself.

Jesus se menswording is die antwoord op die vraag wat elkeen van ons al een of ander tyd in die lewe gevra het of intens oor bepeins het. Is dit nou dit? Is dit nou die beste wat die lewe my gaan bied? Soos die Engelse sê: “Is this it?”. Dis die vraag waarmee baie mense gekonfronteer word. Dalk jy ook?

God wil vir jou kom sê dat daar in Jesus meer is as wat jy tans beleef, daar is veel meer as wat jy tans is! Daar is meer aan die lewe as wat die teenswoordige wêreld bied. In Jesus se oorvloed, is daar meer as genoeg. Daar is tevredenheid, daar is vervulling, daar is...wat jy ook al nodig het. Glo jy dit? Kom ons kyk saam na hierdie studie en mag die Here jou begelei om te ontdek dat daar meer is as wat jy ooit kon droom of dink.

Ons vertel…

Vertel vir mekaar hoe verlede week se studie, ook jou lewe gedurende die afgelope week beïnvloed het.

Vrae vir nadenke en bespreking

1. Watter tipe dier verteenwoordig jou persoonlikheid die beste? Motiveer.
2. Wat weet jy van skape af?
3. Het jy iets in gemeen met ‘n skaap?
4. Lees Joh. 10:1-18
5. Wat staan vir jou uit met die lees van hierdie gedeelte?
6. Wat wou Jesus by sy gehoor tuisbring?
    a. Hoe dink jy het Sy gehoor se lewens gelyk en wat wou Jesus vir hulle gee?
7. In watter opsig is ons vandag soos hierdie gehoor?
8. Gesels oor die eienskappe van die 2 tipes herders wat in die teks voorkom.
9. Wat maak Jesus anders?
10. Kyk weer na die eienskappe van die Goeie Herder en maak dit prakties van toepassing op jou lewe vandag?
11. Een van die belangrike aspekte wat hier na vore kom is die verhouding tussen die Herder en sy skape. Hoekom is dit so belangrik en watter verskil maak dit?
12. Watter aspekte kan ons uit hierdie gedeelte neem ten einde ‘n oorvloedige lewe moontlik te maak?
13. Bespreek die volgende aanhaling van Barbara Brown Taylor: *“The abundance of life is not determined by how long we live, but how well we live. Christ makes abundant life possible we choose to live it now”.*

Vir gesinne:

1. Hoe kan hierdie gedeelte julle as gesin help om voluit te leef, daar te wees vir mekaar?
2. Hoe kan jy as ouers hierdie aspekte oordra en uitleef teenoor jou kinders?
3. Hoe kan jy as kind hierdie gedeelte toepas in jou lewe ten einde ‘n verskil te maak?

Gaan wees ‘n Ligdraer van God

Wat het jy uit hierdie studie geleer en hoe gaan jy die beginsels hiervan uitleef ten einde ‘n verskil te maak?

Bid vir mekaar en vir ander sake

Hoor waarvoor julle nou en gedurende die week kan bid.

Notas

KONFRONTEER DIE DONKERTE TEN EINDE DIE LIG TE BEREIK

Die donker maak menigte mens skrikkerig of selfs bang. Kinders hou glad nie van die donker nie en daar word vinnig na ma of pa geroep as hulle, hulself in donkerte bevind. Donkerte skep onsekerheid want ons kan nie alles duidelik sien nie en daarom is ons dalk nie bewus van al die gevare nie.

Die mooiste tyd van die dag is wanneer die eerste daglig deurbreek en die donker, stukkie vir stukkie plek maak vir die lig. Wanneer die nuwe dag aangebreek het, het mens sommer opnuut weer krag, ywer en moed om aan te gaan.

Soms gebeur dit dat donkerte ons lewens oorskadu. Dit beteken dat ons nie in die lig kan leef nie, dat jy nie volkome jouself kan wees nie, en dat jy nie voluit kan leef nie. Dis juis vir hierdie donker in ons lewens dat Jesus kom mens word het. Deur Sy kruisdood het Hy oorwinning kom behaal oor die donker wat ons wil vashou. Hy is die Lig wat die duister in ons lewens verdryf.

Om waarlik gesond te word, beteken dat ons die harde werklikheid in die gesig moet staar. Deel van die helingsproses is om eerstens te besef dat iets “stukkend” is. Eenvoudig gesê, om te erken dat alles nie pluis is nie. Hierdie gebrokenheid of probleem in ons lewe is tipies die donkerte wat die lig oorskadu, wat jou weerhou van ‘n geesvervulde lewe.

Daar is so baie mense wat eintlik met ‘n stuk “donkerte” binne hulle leef, ‘n probleem, ‘n troetel-sonde, of wat ook al dit mag wees. God, jou Vader het juis Jesus na hierdie wêreld gestuur om die “donkerte” in jou lewe te verdryf. Om jou in staat te stel om in die Lig te leef. Dis nie binne Sy beplanning vir jou dat jy dag vir dag met die “donkerte” binne jou moet saamleef nie.

Dit gebeur dat ons nie eerlik is met onsself nie. Ons wil nie altyd erken dat ons met sekere goed worstel nie. Dit weerhou ons daarvan om die “donkerte” te konfronteer en die gevolg is dat ons vir te lank daarmee saamleef. Is daar nie dalk iets wat jy moet konfronteer in jou lewe nie? Hoekom huiwer jy? Daar is oorwinning daarvoor!

Wanneer jy erns maak met jouself, die spirituele “donker” plekke konfronteer en daadwerklik begin om anders te leef, sal jy vind dat jou verhoudinge ook verander.

Jou verhouding met jouself sal toeneem in waarde. Jy sal anders na jouself kyk, want jy sal nie langer ‘n leuen leef nie

Jou verhouding met ander sal meer eg wees

Jou verhouding met God sal sterker word, want jy steek niks meer weg nie. Jy sal die vryheid ervaar van iemand wat waarlik in die Lig wandel.

Tydens hierdie week se studie gaan ons hoofsaaklik by die boek 1 Johannes stilstaan. Reeds aan die begin van die boek word ons aangespoor om ‘n einde te maak aan die donkerte binne ons en volledig binne die Lig te leef. Om binne die Lig te leef is ‘n geloofsreis waartydens jy verdieping in jou verhouding met Jesus Christus sal ervaar.

Ons vertel…

Vertel vir mekaar hoe verlede week se studie jou lewe gedurende die afgelope week beïnvloed het.

Vrae vir nadenke en bespreking

1. Wat was die grootste leuen wat jy as kind vertel het?
2. As jy hierdie week weer kon beleef, sou jy iets anders hanteer het?
3. Lees 1 Joh. 1:3-10
4. Wat staan vir jou uit in die gedeelte?
5. Gesels oor vers 3. Hoekom is dit vir Johannes so belangrike vers en konsep?
6. Tot watter mate is dit moontlik om ‘n leuen te leef?
7. Wat doen ons om daardie leuen (“donkerte”) in ons lewens in stand te hou?
8. Wat is die doel van lig? Watter verskil maak lig?
9. Hoe lyk ‘n persoon se lewe wat in die Lig lewe?
10. Watter waarheid hou vers 5 “God is lig, en daar is geen duisternis in Hom nie” vir jou in?
11. Hoekom is dit so moeilik vir ons om die “donkerte” te konfronteer of selfs te erken?
12. Kan jy die “donkerte” met jou uit eie krag oorwin? Motiveer.
13. Watter hoop en genade gee vers 7-10 vir ons?
14. Probeer ‘n mens om in die Lig te lewe of lewe ‘n mens in die Lig?
15. Watter ondersteuningsisteem sal jou help om anders te leef?

Vir gesinne

1. Hoe kan julle as gesin in die Lig wandel?
2. Hoe kan jy vandag se waarheid aan jou kinders oordra?
3. Is daar iets wat julle wil verander binne julle gesinsopset om hierdie waarheid te begrond?
4. Hoe kan julle as gesin mekaar help om binne die Lig te lewe?
5. Watter waardes moet julle as gesin as belangrik ag ten einde in die Lig te wandel?

Gaan wees ‘n Ligdraer van God

Wat het jy uit hierdie studie geleer en hoe gaan jy die beginsels hiervan uitleef ten einde ‘n verskil te maak?

Bid vir mekaar en vir ander sake

Hoor waarvoor julle nou en gedurende die week kan bid.

Notas

JY IS NIE DIE SOMTOTAAL VAN JOU SONDE NIE

Paulus sê dat nie een van ons regverdig is nie. Elkeen van ons het gesondig en het inderdaad ‘n Verlosser nodig. Absoluut die reine waarheid. Ons het almal al foute gemaak in die lewe, sommige groter as ander. Elkeen van ons het al sonde gedoen, sommige se impak groter as ander. Ons elkeen het al die impak van sonde op ons lewens gevoel. Glad nie lekker nie. Die eens aanloklikheid van alles verflou baie vinnig en word alles rondom ons donker, soos troebel water. Somtyds, nadat jy ‘n oortreding begaan het is jy sommer opnuut weer kwaad vir jouself en kasty jy jouself met die gedagte dat jy eintlik maar ‘n slegte sondige mens is. Iemand het dit so mooi gestel: *“Sometimes we feel what we have done, is who we are.”*

Tog wanneer ons fouteer, of te kort skiet, is dit nie wie ons werklik is nie. Ons bly kinders van die lewende God!

Ons kan so maklik onsself en ander kategoriseer, of meer eenvoudig gestel, in “boksies” plaas. Daardeur probeer ons onsself en ander definieer. Soms het hierdie ‘n lewenslange invloed op ons. Die punt is dat hierdie aksie, ons juis nie definieer nie. Jy is meer as wat ander van jou of jy van jouself dink.

Ons moet oppas dat sonde (die dinge wat ons gedoen of gedink het) ons tot so ‘n mate definieer dat ons naderhand glo dis wie ons is. Nee, jou identiteit mag nie gevorm word deur jou sonde nie. Jou sonde word deur Christus se kruisdood

vergewe. Jy word gedefinieer aan wie jy verbonde is. Jy is ‘n kind van die lewende God.

In hierdie week se studie gaan ons stilstaan by die vrou wat betrap is terwyl sy owerspel gepleeg het. Hierdie verhaal help ons om bevryding te kry van die sonde, deur nie toe te laat dat dit ons definieer nie.

Ons vertel…

Vertel vir mekaar hoe verlede week se studie jou lewe gedurende die afgelope week beïnvloed het.

Vrae vir nadenke en bespreking

1. Gesels bietjie oor jou skooldae en tot watter mate jy ander in “boksies” geplaas het en ook soms onwetend jouself in ‘n boksie gesit het?
2. Hoe het dit jou denke en optrede beïnvloed?
3. Het dit vandag nog steeds ‘n invloed op jou lewe?
4. Lees Joh. 8:1-11
5. Wat staan vir jou uit in die gedeelte?
6. Hoekom dink jy maak mense so vinnig die afleiding dat God dadelik oordeel en veroordeel?
7. Hoe het godsdiens hierdie vrou beïnvloed?
8. As jy voor Jesus sou staan, wat dink jy sou Hy in die grond vir jou skryf?
9. Is dit reg dat sonde ons definieer? Motiveer.
10. Hoekom is ons geneig om altyd eers die splinter uit iemand anders se oog te wil haal, maar ons vergeet van die balk in ons eie oog?
11. Tot watter mate is jou identiteit gevorm deur jou sonde?
12. Hoe klink jou selfspraak?

13. Watter verskil het Jesus se vryspraak in hierdie vrou se lewe gemaak?
14. Tot watter mate definieer Jesus se woorde in vers 10 die vrou se lewe? “Ek veroordeel jou ook nie. Gaan, en moet van nou af nie meer sondig nie.”
15. Die feit dat jy in verhouding leef met Jesus, tot watter mate moet dit jou persepsie verander van hoe jy jouself sien?
16. Tot watter mate moet dit jou persepsie verander van hoe jy ander sien?

Vir gesinne

1. Hoe definieer julle mekaar?
2. Na aanleiding van die lesse geleer uit die studie is daar dalk herdefiniëring wat moet plaasvind binne julle gesinsverband?
3. Gesels oor hoe julle mekaar sien en ervaar?
4. Is daar goed waarvoor julle mekaar wil vryspreek?

Gaan wees ‘n Ligdraer van God

Wat het jy uit hierdie studie geleer en hoe gaan jy die beginsels hiervan uitleef ten einde ‘n verskil te maak?

Bid vir mekaar en vir ander sake

Hoor waarvoor julle nou en gedurende die week kan bid.

Notas

DAAR IS MEER

Onthou jy nog die verhaal van Israel en hulle uittog uit Egipte. Ja, daardie verhaal wat jy al van kindsbeen af gehoor het. Kom ek neem jou vir ‘n oomblik terug daarheen. Israel is in Egipte en dit gaan glad nie goed met hulle nie. Hulle werk as slawe en hulle roep na God om hulp. Na meer as 400 jaar stuur God vir Moses om hulle uit Egipte te lei. God het nog altyd Sy belofte in stand gehou deurdat Hy vir sy volk hulle eie grondgebied wil gee, soos beloof aan Abraham. Die uittog uit Egipte vorm dus deel van die proses om die beloofde land in besit te neem.

So ent weg in die woestyn lees ons hoe die volk besef dat ook die omstandighede nie altyd maklik is nie. Nie net een keer nie, maar verskeie kere lees ons dat die volk eerder terug verlang na Egipte. Binne die moeilike tye kies hulle eerder die bekende Egipte, al was hulle slawe daar. Dis skokkend.

Tog moet ons versigtig wees om die vinger na Israel te wys. Ons maak baie keer dieselfde fout. As dinge moeilik gaan dan is ons geneig om weer terug te val na ons ou gebruike en gewoontes, eerder as om deur te druk na die nuwe beter bedeling. Wanneer die lewe uitdagend raak het ek en jy ‘n keuse. Val terug na die ou gebruike wat so maklik vir ons kom, of vertrou ons en vestig ons ons oë op Christus vir die pad vorentoe. Onthou jy in week een se studie is ons opnuut herinner dat God net die beste vir ons wil hê. ‘n Lewe van oorvloed en nie ‘n lewe van slawerny nie. Om egter by die oorvloed uit te kom, vra dat ons blindelings moet vertrou.

Die kruisdood van Jesus Christus bied aan ons genade en ook die krag om aan te gaan en nie terug te val na ou gewoontes en gebruike nie. Hierdie week gaan ons saam kyk wat Jesus in Markus1 vir ons sê asook Paulus in Filippense 3.

Ons vertel…

Vertel vir mekaar hoe verlede week se studie jou lewe gedurende die afgelope week beïnvloed het.

Vrae vir nadenke en bespreking

1. As dinge moeilik gaan in jou lewe en jy oorweldig voel, is daar dalk slegte gewoontes waarop jy terugval om jou deur die moeilike tye te help?
2. Kan jy soms met Israel identifiseer wat in moeilike tye teruggryp na die bekende eerder as om God te vertrou dat Hy die beste vir jou wil gee? Wees eerlik met jouself.
3. Lees Markus 1:35-39
4. Wat staan vir jou uit in die gedeelte?
5. Markus gee vir ons ‘n mooi voorbeeld van Jesus wat weer herfokus in uitdagende en besige tye. Wat leer jy hier by Jesus?
6. Hoe belangrik was gebed vir Jesus? Hoekom? Kan jy aan geleenthede dink waar gebed sentraal was in Jesus se bediening?
7. In Jesus se moeilikste tyd, in die tuin van Getsemane. Wat doen Hy? Hoekom?
8. Lees Filippense 3:12-16
9. In Filippense 3 sluit Paulus aan by die gedagte van vorentoe beur en nie terugval in ou sondige gebruike nie. Wat leer jy uit die gedeelte?
10. Watter rol speel Jesus se kruisdood in Paulus se besluitneming?

11. Lydenstyd is ‘n besondere tyd van die jaar waartydens ons soms iets prysgee ten einde nader aan God te kom, om ons toewyding te wys. Wat leer jy uit die gedeelte in terme van toewyding en dit wat Christus reeds vir jou gedoen het?
12. Deur Christus se kruisdood het Hy vir ons baie nuwe moontlikhede oopgesluit. ‘n Beloofde land! Daar is dus meer as wat jy tans het, dit alles het Christus moontlik gemaak. Kyk na 2 Kor. 4:16-18 om iets van die “belofte” raak te sien.

Vir gesinne

1. Het julle as gesin al ‘n doelwit gehad? Hoe het julle dit reggekry om daardie doelwit te bereik?
2. Wat kan julle doen om mekaar te help ten einde by die “meer” wat Christus vir ons in gedagte het uit te kom.
3. Deel met mekaar julle uitdagings, maar ook julle geestelike drome.

Gaan wees ‘n Ligdraer van God

Wat het jy uit hierdie studie geleer en hoe gaan jy die beginsels hiervan uitleef ten einde ‘n verskil te maak?

Bid vir mekaar en vir ander sake

Hoor waarvoor julle nou en gedurende die week kan bid.

DIE GODE WAT ONS MAAK

Somtyds laat ons toe dat sekere dinge vir ons belangriker word as God. Ons laat toe dat goed ons lewe in so ‘n mate oorneem dat daar nie ruimte is vir God nie. Ons skuif God opsetlik of onopsetlik uit die middelpunt van ons bestaan. Dit gebeur makliker as wat ons dink. Dis soos om met ‘n opblaasbootjie die see in te dryf, die seestrome kan jou baie maklik meesleur en dieper die see invat. Die lewe gebeur en kort voor lank kan ons, onsself in onbekende en gevaarlike waters bevind.

God stel dit duidelik dat Hy onverdeelde trou aan Hom vereis. Soos Paulus dit stel, ons leef deur Christus. Dis nie ons wat meer leef nie, maar Christus wat in ons leef. Dit vra dus dat Hy altyd die middelpunt van ons lewe moet wees.

In ons studie hierdie week gaan ons onder andere sien hoe die volk Israel baie vinnig vir hulle ‘n goue kalf maak. Dit dien bloot as plaasvervanger vir God. Ten spyte van wat God vir hulle gedoen het en dat hy reeds keer op keer Sy almag aan hulle bewys het, gaan hulle voort en maak iets anders om te aanbid en eer te gee. God is eenvoudig net nie meer die middelpunt van hulle bestaan nie. Uit die gedeelte sien ons ook God se reaksie hierop. Hy word kwaad en wil die volk verdelg.

Dalk bevind jy jou tans in ‘n posisie waar dit vir jou voel asof jy in verskillende rigtings getrek word en die lewe met al sy eise besig is om sy tol te eis. Daar is nie nog plek vir God nie, of Hy moes maar net vir tyd en wyl afskuif op jou prioriteitslys.

Kom ons gebruik hierdie Lydenstyd om opnuut ons prioriteite te herevalueer. Jesus Christus het alles prysgegee omdat Hy jou lief het en graag die middelpunt van jou lewe wil wees. Hy kom sterf vir jou sodat Hy nie bloot net ‘n geallokeerde tydgleuf in jou lewe hoef in te neem nie, maar jou hele menswees kan filtreer. Hy wil juis dat jou hele lewe vanuit Hom geleef sal word. Deur Sy kruisdood is daar vir jou oorwinning oor jou omstandighede en oorwinning oor die dinge wat jy soos gode in jou lewe hanteer.

Ons vertel…

Vertel vir mekaar hoe verlede week se studie jou lewe gedurende die afgelope week beïnvloed het.

Vrae vir nadenke en bespreking

1. Wat is jou kosbaarste fisiese besitting? Hoekom?
2. Hoe hanteer jy hierdie besitting? Watter invloed het dit in jou lewe?
3. Het jy al ooit vasgevang geraak in omstandighede of groepaktiwiteite wat jy nie geïnisieer het nie?
4. Dink na en bespreek die volgende aanhaling van Tim Kate: *“You can always find distraction if you’re looking for one.”*
5. Waaraan spandeer jy die meeste van jou tyd? Waaraan dink jy en waaroor praat jy?
6. Tot watte mate is Christus die middelpunt van jou lewe en nie net ‘n aspek van jou lewe nie?
7. Sou jy sê dis sonde om nie God die middelpunt van jou lewe te maak nie?
8. Lees Eksodus 32:1-14
9. Wat staan vir jou uit in die gedeelte?

10. Wat het die Israeliete daartoe gedryf om ‘n afgod te maak?
11. Wat het die maak van die goue kalf ten opsigte van hulle harte geopenbaar?
12. Gesels oor die leierskap van Aaron en Moses, in hierdie omstandighede.
13. Tot watter mate is die Israeliete se aksies ‘n spieëlbeeld van ons eie?
14. Wat kan ons leer vanuit Moses se optrede in die verhaal?
15. Watter rol speel die kruis van Jesus om hierdie probleem van afgode in ons lewens hok te slaan?

Vir gesinne

1. Is daar dinge wat vir julle as gesin belangriker is as God?
2. Tot watter mate is God die middelpunt van julle gesin se bestaan?
3. Wat moet julle anders doen sodat God die absolute hoofrol speel in julle gesinslewe?

Gaan wees ‘n Ligdraer van God

Wat het jy uit hierdie studie geleer en hoe gaan jy die beginsels hiervan uitleef ten einde ‘n verskil te maak?

Bid vir mekaar en vir ander sake

Hoor waarvoor julle nou en gedurende die week kan bid.

Notas

PASSIEVOL

Mense wat passievol is oor iets, is ‘n mooi gesig om te aanskou. Hulle het ‘n dryf in hulle wat enige hekkie of struikelblok in hulle pad eenvoudig elimineer. Passievolle mense leef voluit en beskik oor ‘n innerlike motivering en dryfkrag wat duidelik in hulle gedrag manifesteer.

God is ook passievol oor jou. Sy liefde vir jou is onvoorwaardelik. Hy het jou innig en met passie, lief. Dit was Sy hartklop van die begin af. Passievol lief vir die mensdom. Ja, al maak hulle Hom kwaad, al stel hulle Hom teleur. Elke keer was dit Sy liefde vir die mensdom wat daartoe gelei het dat Hy opnuut weer hul oortredings sou vergewe, en weer ‘n plan sou maak om die verhouding tussen Hom en die mensdom te herstel. God se grootste bewys van sy passievolle liefde vir die mens, kry gestalte in die geboorte van Jesus Christus.

Jesus was die praktiese uitvoering van God se passievolle liefde. ‘n Lewe totaal toegewy aan God en gefokus om God en mens te versoen. Vandag, nog steeds daar waar Hy aan die regterhand van die Vader sit, tree Hy in vir jou en my. Gedryf deur Sy passievolle liefde vir die mens.

God vra ook van ons, passievolle en onvoorwaardelike liefde. Passievolle liefde vir Hom en vir die mensdom. Passievolle Goddelike liefde, is liefde wat ‘n verskil maak. Dit is liefde wat vanuit God se hart kom. Dis liefde wat ‘n blywende impak maak. Die kruisdood van Jesus en ons oorgawe aan Hom, verseker dat ons daardie passievolle liefde ontvang en ook kan uitleef. Liefde wat soos ‘n fontein oorborrel.

Ons vertel…

Vertel vir mekaar hoe verlede week se studie jou lewe gedurende die afgelope week beïnvloed het.

Vrae vir nadenke en bespreking

1. Het jy al te doen gehad met mense wat passievol is oor ‘n saak? Wat was die impak daarvan op jou?
2. Sou jy sê dat God passievol is oor die mensdom? Motiveer?
3. Sou jy sê dat Jesus passievol is oor die mensdom? Motiveer?
4. Waar dink jy het God se passievolle liefde vir die mens reeds begin?
5. Gesels oor Jesus se passievolle liefde vir die mens
    a. Voordat Hy mens geword het
    b. Tydens Sy menswees op aarde
    c. Tans
6. Gesels oor die volgende gedeeltes
    a. Fil. 2:6-8
    b. Kol. 1:19-20
7. Volgens 1 Joh. 4:7-21 het God ons eerste lief gehad en vanuit ons verhouding met Hom, kan ons ook liefhê. Lees die gedeelte en gesels oor die passievolle liefde van God wat jy hierin raaksien.
8. Volgens 1 Kor. 13 is God se liefde aan ons ‘n gawe. Sonder hierdie liefde wat aan elke kind van God geskenk is, kan ons nie funksioneer soos ons moet nie. Kyk weer na 1 Kor. 13 en gesels daaroor in die lig van God se passievolle liefde.

Vir gesinne

1. Tot watter mate is die passievolle liefde van Jesus in julle gesin sigbaar?
2. Wat kan julle as gesin doen sodat die liefde van God en Jesus meer sigbaar kan word in julle gesinslewe?

Gaan wees ‘n Ligdraer van God

Wat het jy uit hierdie studie geleer en hoe gaan jy die beginsels hiervan uitleef ten einde ‘n verskil te maak?

Bid vir mekaar en vir ander sake

Hoor waarvoor julle nou en gedurende die week kan bid.

Notas

ALLES IS VOLBRING

Eerste indrukke is blywend, maar laaste woorde laat blywende indrukke. Verskeie mense se sterwenswoorde is aangeteken, so ook Jesus s'n. Baie belangrike woorde vir ons as Christene om te onthou en te omarm. Met Jesus se laaste woorde, voordat Hy sy laaste asem uitgeblaas het, "Dit is volbring" kom sê Hy 'n magdom goed vir ons.

Die belangrike taak wat Ek as Verlosser opgelê is, is afgehandel. Dit is volbring. Die geestelike oorlog wat heeltyd plaasgevind het, het sy hoogtepunt bereik, Jesus het die oorwinning behaal.

Binne hierdie woorde is daar vir my en jou hoop. Hierdie is kragtige woorde van oorwinning wat ek en jy ook na ons eie geestelike oorloë, as wapen kan saam neem. Dis woorde wat vir ons krag en outoriteit gee. Slegs 'n enkele woord in die Grieks: "Tetelestai", maar 'n woord wat 'n blywende impak in die wêreld gemaak het. Hierdie woord het Hy geuiter sodat ek en jy dit vandag steeds kan hoor. Dis hoekom Jesus tydens Sy bediening gesê het dat ons moet moed hou want Hy het die wêreld reeds oorwin (Joh. 16:33). Deur Sy kruisdood is daar ook oorwinning oor jou omstandighede. Hy het gedoen wat nodig was sodat ons voluit kan leef, sodat ons in Hom 'n oorwinningslewe kan leef.

Ons vertel...

Vertel vir mekaar hoe verlede week se studie jou lewe gedurende die afgelope week beïnvloed het.

Vrae vir nadenke en bespreking

1. Was daar iemand se laaste woorde of laaste gesprek wat ‘n groot impak op jou lewe gemaak het?
2. Hoekom sou jy sê is laaste woorde so belangrik?
3. Die woordjie “Tetelestai” dui die voltooide oorwinning aan oor die sonde en die dood. In kort – redding van die wêreld. Wat dink jy is die impak van hierdie woord wat Jesus gespreek het op ons lewens?
4. Voel dit vir jou asof die oorwinning wat Jesus aan die kruishout aangekondig het, somtyds nie ‘n werklikheid is nie?
5. Wat beteken die woordjie “volbring” vir jou?
6. Dink jy die kreet was ook ‘n kreet van verligting van Jesus se kant af, want Hy was immers volledig mens gewees?
7. As Jesus dan die sonde aan die kruis oorwin het, hoekom moet ek en jy steeds daarmee worstel? Is ons besig om iets verkeerd te doen? (Rom. 7)
8. Hoe sou jy hierdie kruiswoord van Jesus kon gebruik om iemand te help wat nog in die wurggreep van sy eie sondigheid vasgevang is?
9. Jesus het alles volbring volgens die wil van God. Watter waarskuwing oor die oordeel van God kry ons hieruit? (vgl. Jes. 1:18-20)
10. Watter rol speel hierdie kruiswoord om iemand te verseker dat God hom of haar in totaliteit vergewe het?
11. Lewe jy so, dat jy ook as jou lewe nou tot ‘n einde sou kom kan sê: “Dit is volbring”

Vir Gesinne

1. Watter rol kan hierdie woordjie “tetelestai” in julle as gesin se lewe beteken?

2. Hoe kan julle as gesin meer voluit lewe op grond van hierdie woorde van Jesus?

Gaan wees ‘n Ligdraer van God

Wat het jy uit hierdie studie geleer en hoe gaan jy die beginsels hiervan uitleef ten einde ‘n verskil te maak?

Bid vir mekaar en vir ander sake

Hoor waarvoor julle nou en gedurende die week kan bid.

Notas